# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

27 Mei 2020

**VERKLARING RAKENDE HEROPENING VAN KERKE**

Die Sentrale Kerkekommissie van die AP Kerk het met groot dankbaarheid teenoor die Here geluister na die president se aankondiging dat godsdienstige byeenkomste weer gehou mag word. Tog is dit vir ons jammer dat ons eers ŉ ultimatum aan die president moes stel en hom met die hof moes dreig alvorens hy gereageer het. Ons kan beslis nie die president se lof besing omdat hy eers ná druk teruggegee het dit wat nooit syne was om te neem nie. ŉ Staat wat sy plek ken, rig versoeke tot die kerk van Christus, nie voorskrifte.

Ons is verder steeds ernstig besorg oor die sinkretistiese godsdiensgelykstelling wat deur die owerheid gehandhaaf word, soos dit dan ook uit die oproep tot ŉ dag van gebed na vore gekom het. Ons smag na die dag wat die Here vir ons landsleiers voorsien wat Hom as die enigste lewende God sal erken. Om ŉ Bybelse beeld te gebruik, daar is geen seën daarin om die Here in die tempel saam met die afgode op die hoogtes te aanbid nie. Die feit dat die owerheid geen respek het vir God en sy gebod nie, hou geen goeie nuus vir ons land en sy mense in nie.

Hierdie optrede van die president is ’n duidelike bewys daarvan dat die ANC-regering se uitgangspunt nog altyd een van godsdiensgelykheid in plaas van godsdiensvryheid was. Onder die dekmantel van laasgenoemde, word eersgenoemde gepropageer en beoefen. Indien ’n beleid van godsdiensvryheid beoefen is, sou daar steeds ruimte vir alle godsdienste wees om hul godsdiens vrylik en met die beskerming van die staat te beoefen, hoewel alle godsdienste nie gelyk sou wees nie. Die basiese vertrekpunt van die ANC-regering se beleid van godsdiensgelykheid, is egter dat waarheid relatief is en dit daarom dus diskriminerend sal wees om een godsdiens as meer waar as ander, uit te sonder. Hoewel so ’n benadering in ’n sekulêre samelewing baie edel klink, dwing dit as ’t ware Christene om een van die grondstene van hulle geloof, naamlik dat daar net een ware God is, prys te gee.

As gevolg van hierdie benadering, is die regering se oproep dat alle gelowe ’n dag van gebed moet huldig, teleurstellend. Nie omdat dit nie nodig is om die lewende

God se aangesig in krisistye te soek nie, maar omdat die president ’n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om die enigste ware God te erken en ons afhanklikheid van Hom alleen te bely.

Daarom wil ons almal oproep om steeds, in gehoorsaamheid aan die Woord, vir die landsowerhede te bly bid (1 Tim. 2:1-5) dat hul tot bekering mag kom en Christus, die Hoof van die Kerk (Ef. 1:20-23) ook sal erken as die enigste Verlosser en Koning van die ganse lewe. Ook dat hulle in die uitvoering van hulle roeping as regeerders (Ps. 2:10-12; Rom. 13:1-7) daartoe sal kom om in hulle besluitneming en wetgewing voor Hom alleen te buig en Hom dien, sodat ons ŉ stil en rustige lewe kan lei tot God se eer en die heil van ons naaste (1 Tim. 2:2).

Tans wag ons nog in spanning dat die finale regulasies in die staatskoerant gepubliseer moet word oor wat die protokolle, voorwaardes en beperkings presies gaan behels. Veral aangesien daar talle vrae is rondom die besonderhede van die president se aankondiging, soos onder meer dat byeenkomste nie groter as 50 mense op ’n slag mag wees nie. Hoe dit strook met byvoorbeeld skole wat mag begin met heelwat meer as 50 kinders op ’n slag, maak nie sin nie. ’n Benadering waarin daar gewerk word op die handhawing van sosiale afstand na gelang van die grootte van die gebou, sou na ons mening meer sinvol wees. Sodoende sal kerke met groter geboue, meer as 50 mense op ’n slag kan akkommodeer sonder om gesonde praktyke ten opsigte van sosiale afstand te ignoreer. Ons hoop dat die regering, in die opstel van die regulasies, konsekwent sal wees en nie van kerke meer sal verwag as van ander sektore nie. Ons maan dus alle kerke om nie nou oorhaastige besluite te neem nie, maar om hul besluite te neem sodra die regulasies gepubliseer is.

Daar rus nou ŉ groot verantwoordelikheid op elke kerkraad om binne elkeen se unieke omstandighede aan die Here gehoorsaam te wees, want dit gaan steeds in die eerste plek nie oor wat die regering van ons vereis nie, maar wel wat die Here van sy kinders vra. Ons hoop verder dat die onverkwiklike omstandighede waarin ons tans steeds verkeer van elke erediens ŉ verootmoedigingsgeleentheid sal maak.

*In Christus,*



**Ds. HSW Strauss**
**Voorsitter: Sentrale Kerkekommissie (SKK)**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023